Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Direktoraat: Kurrikulum VOO

BESIGHEIDSTUDIES

HERSIENINGSBOEKIE

2025 KWARTAAL 2

Graad 11

Voorgestelde Oplossings

1. KREATIEWE DENKE & PROBLEEMOPLOSSING

1.4 Maniere hoe 'n besigheid 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke stimuleer en bevorder

Vul die ontbrekende woord/e in:

	Stellings	Antwoord
1	Beklemtoon die belangrikheid van ... en verseker dat alle personeel weet dat die bestuur hul idees wil aan hoor.	kreatiewe denke
2	Moedig personeel aan om met … idees vorendag te kom	nuwe
3	Maak tyd vir ... sessies om nuwe idees te genereer, bv. gereelde werkswinkels	dinkskrum
4	Plaas voorstel bokse orals in die werkplek en hou ... kanale oop vir nuwe idees.	kommunikasie
5	Lei personeel op in innoverende ... en laterale denke.	tegnieke
6	Moedig ... aan om binne die organisasie en in ander besighede te werk	werknemers
7	Moedig ... maniere van werk aan	alternatiewe
8	Reageer... op alle idees en moet nooit toelaat dat ‘n werker onbelangrik voel nie.	entoesiasties

1.5 Voordele van kreatiewe denke in die werksplek

Vul die ontbrekende woord / s in

	Stellings	Antwoord
1	Beter... word gegenereer.	idees
2	Die besigheid kan ‘n ... voordeel verkry indien unieke strategieë geïmplementeer word.	mededingende
3	Komplekse besigheids ... mag opgelos word.	probleme
4	Produktiwiteit word verhoog as bestuur/werknemers vinnig ... idees genereer	veelvoudige
5	Bestuurders en werknemers het meer ... aangesien hulle tot hul volle potensiaal kan leef.	vertroue
6	Bestuurders sal beter ... wees aangesien hulle verandering(e) positief en kreatief sal kan bestuur.	leiers
7	Bestuurders en werknemers kan nuwe vooruitsigte ..., wat toegepas kan word op enige taak(e) wat hulle mag doen.	ontwikkel
8	Lei tot meer positiewe ... as bestuurders en werknemers voel dat hulle bygedra het tot probleemoplossing.	houdings

1.7 Tipes Probleem Oplossings Tegnieke

1. Delphi tegniek	2. Kragveld analise tegniek

Dui aan watter van die volgende stellings verwys na die Delphi tegniek en Kragveld analise tegniek

	Stellings	Antwoord
1	Gestruktureerde manier om na die voordele en nadele te kyk as 'n plan vir verandering.	Kragveld analise
2	Gebruik om nuwe en komplekse probleme op te los.	Delphi tegniek
3	Gebruik 'n kundige paneel wat nooit mekaar fisiese ontmoet nie.	Delphi tegniek
4	Effektief wanneer veranderings bestuur geïmplementeer word.	Kragveld analise
5	Gebruik vir besluitneming.	Kragveld analise
6	Dit moedig kreatiewe probleemoplossing aan sonder die behoefte vir groep vergaderings.	Delphi tegniek

1.8 Toepassing van die Delphi-tegniek

Vul die ontbrekende woord /s in

	Stellings	Antwoord
1	Besighede moet 'n paneel van .... nooi om die klagtes van kliënte te ondersoek.	kundiges
2	Kenners hoef nie in een ... te wees nie en sal individueel gekontak word.	plek
3	Ontwerp 'n ... bestaande uit vrae oor hoe om die gehalte van hul produkte te verbeter en versprei dit onder die paneellede / kundiges	vraelys
4	Versoek die paneel om ... reageer op die vraelys / stel verbeterings voor vir die produkte voor en stuur dit terug aan die besigheid	individueel
5	Maak ‘n opsomming van die ... van die kundiges in 'n terugvoer verslag.	reaksies
6	Stuur die verslag en 'n tweede stel vrae/vraelys gebaseer op die ... verslag aan die paneellede.	terugvoer

Vul in die ontbrekende woord/e

	Stellings/s	Antwoord
1	Beskryf die huidige ... en die gewenste situasie.	situasie/probleem
2	Lys alle voor- en nadele kragte wat verandering sal ... en weerstaan	ondersteuning
3	Ken 'n ... aan elke krag met behulp van 'n numeriese skaal, waar 1 swak is en 5 sterk is	telling
4	Weeg die positiewe en negatiewe op en ... dan of die projek lewensvatbaar is of nie.	besluit
5	Kies die krag met die hoogste telling as die ...	oplossing
6	Indien die projek as ... is, vind maniere om die kragte vir verandering te verhoog.	lewensvatbare
7	Identifiseer ... en ontwikkel 'n aksieplan	prioriteite

	Stellings/s	Antwoord
1	Moeilik om kreatief en ... op jou eie te wees	innoverend
2	Dit help as jy met ander kan praat oor hul idees en ... oor ‘n saak te kry	mening
3	Om ander mense se idees te hoor lei dikwels tot ... van jou eie	idees
4	Om in groepe te werk, is 'n goeie manier om idees te ...	genereer
5	Met 'n groep mense, verhoog die totale ervaring en ...	kennis
6	Dit laat die groep toe om ... te sien vanuit 'n ander perspektief.	probleme

Sleutel konsepte om te onthou

Kreatiewe denke	Delphi tegniek
Probleemoplossing	Kragveld analise
Roetine denke	Paneel kundiges
Konvensionele denke	Werkplek

2. STRES, KRISIS VERANDERING BESTUUR

2.2 Oorsake van stres in die besigheidsomgewing

1. Werklading	2. Organisatoriese kultuur	3. Rol binne die organisasie
4. Deelname & Bestuur	5. Werk inhoud	6. Werksure

Pas die oorsake van stres hierbo aangedui met die stellings hieronder:

	Oorsake van stres	Stellings
1	**Werk inhoud**	● Gebrek aan verskeidenheid ● Onaangename take ● Gevaarlike take
2	**Werklading**	● Om te veel of te min pligte te hê om te voltooi ● Om onder tydsdruk te werk
3	**Werksure**	● Streng werk skedules ● Lang ure om alleen te werk ● Onvoorspelbare werksure
4	**Deelname & Bestuur**	● Gebrek aan deelname in besluitnemings prosesse ● Gebrek aan beheer
5	**Rol binne die organisasie**	● Onduidelike rol in die organogram van die onderneming ● Teenstrydige rolle in dieselfde werk ● Verantwoordelikheid vir mense
6	**Organisatoriese kultuur**	● Swak kommunikasie ● Swak leierskap ● Gebrek aan duidelikheid oor besigheids doelwitte

2.3 Belangrikheid van stres bestuur in die werkplek

Vul die ontbrekende woorde in:

	Stelling/s	Antwoord
1	Verminderde personeel ... en voorneme om weg te gaan, ten einde werkers te behou	omset
2	Beter ... bestuur.	afwesigheid
3	Minder dae ... weens siekte en afwesigheid.	verlore
4	Minder ... by die werk	ongelukke
5	Verbeterde ... van werk.	gehalte
6	Verbeterde organisatoriese ... en reputasie.	beeld
7	Beter... begrip en verdraagsaamheid van ander wat probleme ondervind.	personeel

2.4 Maniere vir werknemers om stres te bestuur

Vul die ontbrekende woorde in:

	Stellings	Antwoord
1	Wees bewus van jou ... wat vervullend en lonend is	behoeftes
2	Voorspel stresvolle ... en bring veranderinge aan waar moontlik.	situasies
3	Bestuur jou ... effektief	tyd
4	Vermy ... met medewerkers in die werksplek	konflik
5	Kry genoeg ... om jou liggaam toe te laat om te ontspan	slaap
6	Vind 'n ontspannings ... wat vir jou werk.	tegniek
7	Volg 'n ... leefstyl.	gebalanseerde
8	Vind ... maniere om werk met ontspanning te balanseer.	kreatiewe

2.7 Maniere hoe besighede 'n krisis in die werkplek kan hanteer.

	Stellings	Antwoord
1	Kommunikeer die krisis met al die betrokkenes, selfs al is daar nog nie 'n ... nie	oplossing
2	Kommunikeer die ... resolusie.	moontlike
3	Ingesteldheid wat ... is	buigsaam
4	Evalueer die ... objektief	situasie

2.8 Interne & Eksterne oorsake van verandering

Dui aan watter van die volgende stellings verwys na die interne oorsake of eksterne oorsake

	Stellings	**Antwoord**
1	Globalisering van markte.	Eksterne
2	Nuwe mededingers in die mark.	Eksterne
3	Veranderinge in rigting en doelwitte.	Interne
5	Veranderinge in ideologie van 'n maatskappy.	Interne

2.9 Groot veranderinge wat mense en besighede moet hanteer

1. Globalisering	2. Regstellende Aksie	3. Werkloosheid	4. Aflegging

Pas by die bostaande groot veranderinge met die stelling hieronder

	Groot veranderinge	**Stellings**
1	**Aflegging**	● Besigheid sny die aantal werkers om hul loon- en salarisrekening te verminder ● Besigheid moet met verminderde personeel funksioneer en werk verlies pakkette uitbetaal
2	**Werkloosheid**	● Verandering kan lei tot besigheid wat sluit, verkoop of saamsmelt met 'n ander besigheid ● Dit verminder die lewenstandaard van die gemeenskap
3	**Globalisering**	● Besigheid kan handel dryf in verskillende lande. ● Besigheid moet aanpas by veranderinge wat deur globale handel meegebring word. ● Nuwe tegnologie moet geïnkorporeer word om prosesse meer doeltreffend te maak. ● Produk of diens differensiasie en verbeterde gehalte is noodsaaklik. ● Dit lei tot sterk mededinging.
4	**Regstellende Aksie**	● Wette het besighede gedwing om te verseker dat hulle gelyke geleenthede aan die voorheen benadeeldes aanbied. ● Dit kan lei tot wrok gevoelens teen regstellende aksie-aanstellings. ● Mense wat aanstelling is, in hierdie posisies sukkel om deur ander werknemers aanvaar te word.

2.10 Strategieë besigheid kan gebruik om globalisering en regstellende aksie te hanteer.

Dui aan watter van die volgende stellings verwys na strategieë om globalisering of regstellende aksie.

	Stellings	**Antwoord**
1	Ondersoek oorsese markte vir produkte.	globalisering
2	Erken en respekteer verskille, en fokus op die bereiking van die doelwitte en doelstellings.	regstellende aksie
3	Soek self-werk geleenthede.	regstellende
4	Wees bewus van veranderinge in jou verwante bedryf.	globalisering
5	Verhoog vaardigheidsvlak om meer mededingend vir posisies en bevordering te wees.	regstellende aksie
6	Gebruik oorsese vervaardigers, materiaal en verskaffers as bronne	globalisering
7	Bly op hoogte van nuwe tegnologie, prosesse en ontwikkelings wat die besigheid 'n mededingende voordeel kan gee.	globalisering

2.11 Maniere hoe besighede verandering in die werkplek kan bestuur

Vul die ontbrekende woord /s in

	Stellings	**Antwoord**
1	Gebruik effektiewe en toepaslike ... vaardighede.	besluitnemings
2	Gebruik effektiewe en toepaslike benaderings tot ...	kreatiwiteit.
3	Herken en ... verander.	aanvaar
4	Bestuur onbekende situasies en reageer ... op hulle.	positief
5	Hanteer ... onmiddellik	konflik
6	Wees ... wanneer verandering hanteer word	kreatiewe / veelsydige

Belangrike konsepte

Stres	Krisis	Werklading	Organisatoriese kultuur
Globalisering	Regstellende Aksie	Werkloosheid	Aflegging

3. BEMARKINGS FUNKSIE

3.2 Rol van bemarking

Vul die ontbrekende woord in

	Stellings	Antwoord
1	Om die ... van kliënte te identifiseer	behoeftes
2	Deel inligting verkry vanaf kliënte met die ... funksie om te verseker dat die produkte / dienste wat aangebied word, aan die kliënte se verwagtinge voldoen.	produksie
3	Bevordering van die produkte / dienste wat die ... aan kliënte aanbied	besighede
4	Gee ... van kliënte oor die besighede produkte / dienste en die identifisering van areas van verbetering.	terugvoer
5	Bemarking bepaal die ervaring wat ... het nadat die produkte / dienste aan hulle gelewer is.	kliënte

3.3 Bemarkings Aktiwiteite

	Bemarking aktiwiteite	Stellings
1	Standaardisering	● Produkte wat verkoop onder dieselfde etiket vir dieselfde prys; moet 'n eenvormige grootte, vorm en standaard het. ● Verwante produkte moet dus identies wees. ● Meganisasie van die produksieproses, het die standaardisering van produkte bevorder.
2	Gradering	● Vind plaas volgens die kwaliteit van die produkte. ● Elke vlak het spesifieke kriteria om die produk te meet. ● Laat die kliënte toe om die vlak van gehalte te kies wat die beste by hul behoefte en begroting pas.
3	Berging/Stoor	● Vanaf die tyd dat ‘n produk geproduseer is, tot die tyd dat dit aan die kliënt verkoop word, moet die produk gestoor word ● Sommige produkte benodig gespesialiseerde bergings toestande. ● Massaproduksie het 'n behoefte vir meer berging geskep.

4	Vervoer	● Verwys na die beweging van produkte van een plek na 'n ander plek. ● Die produksie van produkte op groot skaal vereis die vervoer daarvan na markte dwarsoor die land. ● Vervoer maak dit moontlik vir sekere produkte om na ander lande uitgevoer te word.
5	Finansiering	● Verwys na die daad om fondse te verkry, ten einde seker te maak dat besigheidsaktiwiteite doeltreffend kan funksioneer. ● Besigheid verkry befondsing van finansiële instellings/beleggers om bedrywighede uit te brei /in stand te hou. ● Lenings finansiering is by finansiële instellings beskikbaar en moet oor 'n sekere tydperk met rente terugbetaal word.
6	Risiko draende	● Alle besighede dra risiko soos onbeplande en onvoorsiene omstandighede, bv. Uitbreek van 'n pandemie ● Dit kan 'n impak hê op hul produktiwiteit, produksieproses, aflewering, hoeveelheid produkte en wins. ● Besighede kan sekere risiko's aan versekerings maatskappye oordra.
7	Koop & Verkoop	● Aankope en verkope is 'n integrale deel van enige besigheidsaktiwiteite. ● Koop en verkoop verwys na die proses om goedere / dienste vir geld uit te uitruil. ● Vervaardigers koop grondstowwe, omskep dit in finale produkte en die produkte word aan verbruikers verkoop. ● Verbruikers koop die finale produkte vir verbruik.

3.4.2 Produkte ontwikkeling

Laer orde vraag	1	
Middel orde vraag	2	Verduidelik/Bespreek die belangrikheid van produk ontwikkeling
Hoër orde vraag	3	Adviseer besighede oor die belangrikheid van produk ontwikkeling

4. PRODUKSIE FUNKSIE

Hierdie onderwerp handel oor aspekte ten opsigte van die produksie funksie:

4.3 Voordele van produksie beplanning

Voltooi die ontbrekende woord

	Stellings	Antwoord
1	Doeltreffende produksie beplanning laat 'n besigheid toe om sy ... na te kom en voorkom probleme wat onnodige uitgawes en vermorsing kan veroorsaak	eise
2	Deur standaarde te stel, toon beplanning aan wat vlakke van ... moet nagekom word en laat dit toe om gemonitor te word	gehalte
3	Behoorlike beplanning laat dit toe om ... doeltreffend te gebruik en winste gemaksimeer word.	hulpbronne

4.6 Redes waarom besighede veiligheid in die werkplek moet bestuur.

Vul die ontbrekende woord in:

	Stelling	Antwoord
1	Besighede skep 'n ... werksomgewing en demonstreer 'n verbintenis tot die beveiliging van die perseel deur ongelukke te vermy	produktiewe
2	Afwesigheid koerse daal wanneer veiligheids programme 'n prioriteit is omdat ... minder geneig is om te gebeur, want werknemers is behoorlik opgelei om toerusting te gebruik.	beserings
3	Hoë standaarde word na gestreef en die .... voldoen daarin aangesien werknemers bewus is daarvan dat hul veiligheid daarvan afhang	werkplek
4	Werknemers is ... wanneer hulle in 'n veilige werksomgewing is .	gelukkiger
5	Werkers se beroep vergoedings versekering eise ... soos 'n kultuur van veiligheid die aantal eise deur werknemers verminder.	daal

5. PROFESSIONALISME & ETIEK

5.2 Verskille tussen etiese- en professionele gedrag

Dui aan watter van die volgende stellings verwys na etiese- of professionele gedrag

	Stellings	Antwoord
1	Toepassing van 'n gedragskode van 'n beroep of besigheid	Professionele
2	Verwys na die beginsels van reg en verkeerd	Etiese
3	Verwys na wat reg / verkeerd / aanvaarbaar is in 'n besigheid	Professionele
4	Sluit riglyne in oor werknemers se voorkoms / kommunikasie / houding / verantwoordelikheid, ens.	Professionele
5	Voldoen aan 'n stel waardes wat moreel aanvaarbaar is	Etiese
6	Vorm deel van 'n gedragskode om werknemers te lei om eties op te tree	Etiese
7	Behels die nakoming van die beginsels van reg en verkeerd in besigheidspraktyke	Etiese
8	Stel standaarde van verwagte gedrag	Professionele
9	Fokus op die handhawing van die reputasie van 'n besigheid/beroep	Etiese
10	Fokus op die ontwikkeling van 'n morele kompas vir besluitneming	Professionele

5.3 Beginsels van Professionaliteit

1. Vertroulikheid	2. Respek	3. Objektiwiteit
4. Integriteit	5. Bevoegdheid	

Pas by die bostaande beginsels van professionaliteit, met die stellings hieronder:

	Beginsels van Professionaliteit	Stelling
1	Bevoegdheid	Werknemers pas hul kennis en vaardighede toe in belang van die samelewing en die omgewing .
2	Integriteit	Werknemers werk met eerlikheid, volgens die wet en algemeen aanvaarde norme van professionele gedrag.
3	Respek	Werknemers respekteer die waardigheid en regte van ander en die beeld van die beroep of besigheid.
4	Objektiwiteit	Werknemers tree op in 'n manier wat regverdig is en sonder enige vooroordeel of guns.
5	Vertroulikheid	Werknemers beskerm die besonderhede van die besigheid of kliënte en gebruik nie vertroulike inligting vir hul eie voordeel nie.

5.4. Beginsels van Etiek

1. Verbintenis	2. Vermy eie belang	3. Deursigtigheid
4. Omgewings verantwoordelikheid	5. Omgee	

Pas die bostaande beginsel van etiek, met die stellings hieronder:

	Beginsels van Etiek	**Stellings/s**
1	Deursigtigheid	Neem kennis van deursigtigheid en volle openbaarmaking van inligting
2	Vermy eie belang	Vermy botsende belange.
3	Verbintenis	Werknemers respekteer die waardigheid en regte van ander en die beeld van die beroep of besigheid.
4	Omgee	Beoefen sosiale verantwoordelikheid.
5	Omgewings verantwoordelikheid	Kyk om na die omgewing.

5.5 Teorieë van Etiek

Gevolglike/Konsekwensie teorie	Die algemene goeie benadering	Die regte benadering

Vul die ontbrekende woorde in

	Stellings	**Antwoord/s**
1	Die fokus is op individuele regte waar mense met respek en waardigheid behandel word.	Die regte benadering
2	As die verwagte resultaat goed is, is dit eties reg om te doen, as dit sleg is, dan is dit verkeerd.	Konsekwensie/ gevolglike teorie
3	Die teorie bepaal om iets te doen of nie te doen nie op grond van die verwagte resultaat van die aksie.	Gevolglike teorie
4	Verseker dat besigheids waardes en etiese beginsels in ooreenstemming is met die samelewing waarin die onderneming funksioneer.	Die algemene goeie benadering
5	Teorie probeer om die etiese vrae oor reg of verkeerd te beantwoord en hoe ons by hierdie antwoord kom.	Gevolglike teorie
6	Geen persoon moet mishandel word nie	Die regte benadering
7	Besigheid dwing nie hul missie of produkte op mense af nie.	Die regte benadering
8	Erken dat etiek en waardes wissel van gebied tot gebied en van land tot land.	Die algemene goeie benadering

5.7 Maniere hoe professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe sakepraktyk toegepas moet word:

Vul die ontbrekende woord in

	Stellings	Antwoord
1	Weerhou daarvan om 'n onderneming te begin deur ander besighede se idees te gebruik wat ... volgens wet.	beskerm
2	Besigheids besluite en aksies moet ... wees vir alle belanghebbendes.	duidelik /deursigtig
3	Besighede moet ... wees vir hul besluite en aksies	verantwoordelik
4	Huur... rekenmeesters/finansiële beamptes met goeie geloofsbriewe.	eerlik/betroubaar
5	Gereelde... van belasting	betaling
6	Stel op 'n etiek/gedrag ...	kode
7	Gereelde ... van alle werknemers.	ontwikkeling/ opleiding
8	Prestasie ... stelsels moet in plek wees.	bestuur
9	Die verskaffing van goeie ... produkte aan verbruikers	gehalte

5.9 Perspektief op Etiek

Vul die ontbrekende woorde in

	Stelling	Antwoord
1	Etiek is nie ... nie	universeel
2	Etiek ... volgens kultuur, godsdiens, sosialisering en opvoeding.	verskil
3	Daar is geen ... reg of absoluut verkeerd wanneer dit by etiek kom nie.	absolute
4	Elke ... moet self besluit wat aanvaarbaar is.	samelewing
5	Besigheid is geregtig om te besluit oor die ... wat van sy werknemers vereis.	gedrag
6	Dit is wanneer 'n ... van etiek nuttig is.	kode